G.P.-S. (L).

L.T.D. 7-04

Republiek van Suid-Afrika

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE – AFDELING BODEMBESKERMING
DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES – DIVISION OF SOIL PROTECTION

Verw. No./Ref. No.
..BBV-V68...

Navrae/Enquiries
.....

Republic of South Africa

Tel. No. Glen 811 x 227

KANTOOR VAN DIE BODEMBESKERMINGSBEAMPTE,
OFFICE OF THE SOIL PROTECTION OFFICER,

Vrystaatstreek
Privaatsak X01
GLEN
9360

F/1

N.G. Kerk in die O.V.S.
Posbus 1399
BLOEMFONTEIN
9300

1981 -12- 21

Geagte Here

BEWARINGTOESTAND VAN DIE PLAAS VALSCHFONTEIN DISTRIK BETHULIE

Tydens 'n onlangse roetine inspeksiereis deur die distrikte Trompsburg en Bethulie is opgemerk dat die bewaringstoestand van die plaaseenheid bekend as Valschfontein nr 147 nie na wense is nie. Daar is verder ook vasgestel dat die grond aan u behoort.

Die rede vir die onbevredigende bewaringstoestand van die plaas is dat bepalings nrs 9, 10 en 12 van die Nasionale Voorskrifte ter bereiking van die doelstellings van die Grondbewaringswet, soos gepubliseer in die Staatskoerant van 26 Maart 1970 nie na wense nagekom word nie. 'n Eksemplaar van die betrokke Nasionale Voorskrifte waarop dié bepalings, wat in hierdie geval van toepassing is en in rooi gemerk is, word vir u inligting hierby aangeheg.

Die Afdeling Bodembeskerming beskou die saak in 'n ernstige lig en versoek u dus baie vriendelik dat u die aangeleentheid van die plaas se swak bewaringstoestand met die Voorligtingsbeampte te Smithfield sal bespreek. ('n Afspraak met genoemde beampte kan gemaak word by telefoon 83 of Posbus 81). Hy kan u gratis adviseer oor:

1 Hoe die natuurlike veldweiding op u plaas benut behoort te word en

2 wat die maksimum aantal en soort vee is wat op die plaas aangehou behoort te word.

Geliewe dan hierdie kantoor voor of op 82-02-01 skriftelik van die volgende in kennis te stel:

1 Het u die Voorligtingskantoor gekontak oor die probleem?

2 Wat het u en die Voorligtingskantoor besluit om te doen om die probleem op te los?

3 Wanneer beoog u om die voormelde aanbevelings in werking te stel?

Hierdie kantoor is oortuig daarvan dat met u samewerking die bewaringstoestand van die plaas sodanig kan verbeter dat dissiplinêre optrede kragtens die Grondbewaringswet nie nodig sal wees nie.

Afskrifte van hierdie skrywe word ook ter inligting aan die volgende gestuur:

Die Grondbewaringskomitee van Bethulie
Die Huurder mnr. J.P. van Schalkwyk
Die Direkteur van die Vrystaatstreek te Glen
Die Hooflandbouvoorligter te Zastron
Die Landbouvoorligter te Smithfield
Die Direkteur, Afdeling Bodembeskerming te Pretoria.

Die Afdeling vertrou op u welwillende samewerking.

BODEMBESKERMINGSBEAMPTE